SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

***SSK**, 'n gevestigde en gediversifiseerde landbou- onderneming, met sy hoofkantoor in Swellendam, beskik tans oor die volgende vakature by hul Ingenieurswerke afdeling te **Heidelberg**.*

GEKWALIFISEERDE PASSER & DRAAIER: HEIDELBERG

Die ideale kandidaat sal oor bewese ervaring in hierdie spesialis vakgebied beskik asook die vermoë om tegniese planne te kan vertolk. Die toepassing van Beroepsgesondheid en Veiligheid in daaglikse praktyk, handhawing van goeie menseverhoudinge en die vermoë om gehalte werk onder druk te kan lewer is 'n vereiste. Die posbekleër moet bereid wees om soms lang ure, veral in seisoentyd, te werk. 'n Geldige Kode EB (Kode 8) bestuurslisensie sal u aansoek versterk.

In ruil vir u prestasie in bg. vakature en bydrae tot SSK se sukses en groei bied ons 'n mededingende alles-insluitende vergoedingspakket.

Rig u aansoek met 'n dekbrief en bondige CV met vermelding van verwagte vergoeding en 'n kontaknommer, asook ten minste drie kontakbare referente aan: Die Menslike Hulpbronafdeling, Posbus 12, Swellendam, 6740, om ons te bereik nie later as 16 Maart 2018. U kan dit ook faks na (028) 514 8656 of e-pos aan: alwyn.burger@ssk.co.za.

Neem kennis dat, indien u geen terugvoering van die adverteerder binne een maand na sluitingsdatum ontvang het nie, u kan aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was. SSK is 'n gelyke geleenheid werkgewer.